# 23 Oktober 2023 - Lesing 160 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Sigbare aanwesigheid van JaHshua – 28/9/60

**NO: 7713** "*Waar twee of drie in my Naam vergader is, daar is Ek in hul midde*".

Ek het julle My teenwoordigheid belowe en Ek hou Myself aan My Woord: Ek is by julle wat My tot inhoud van julle gedagtes maak, die wat My liefhet en daarom ook 'n band met My begeer. En waar Ek aanwesig is, **daar sal My Gees verseker ook werksaam word**. En julle sal almal **een van gees** wees, omdat Ek Self julle gedagtes lei en My deur julle mond kenbaar maak. Ek is in julle midde.

Maar Ek verlang dat julle liefdevol aan My sal dink. **Julle moet in My Naam vergader**. Ek, julle God en Vader, julle JaHshua, wil die doel van julle almal wees. Ek wil die Een wees wat julle harte vul. **En My Naam moet julle vol geloof uitspreek, vol eerbied en liefde**.

En Ek sal in julle midde wees, dus kan julle seker wees van My teenwoordigheid en **My Self** alle vrae voorlê wat julle besighou. En Ek sal julle antwoord **deur My Gees.** Ek vertoef nog steeds op aarde, net nie in die vlees soos vroeër nie, maar in die Gees is Ek by elkeen wat na My aanwesigheid verlang.

**Maar Ek kan ook sigbaar verskyn,** wanneer dit vir julle raadsaam sal wees, as Ek julle hulp kan bied of julle kan versterk in groot geestelike of aardse nood. Wel sal almal nie in staat wees om My te aanskou nie, indien hulle **graad van rypheid** geestelike beskouing nie toelaat nie.

Of Ek sal onopgemerk kom en net so weer weggaan en julle sal julleself afvra waarom julle so buitengewoon geluksalig voel. Julle sal tyd nodig hê totdat dit vir julle duidelik sal word wat julle mag meemaak. Maar julle sal steeds baie geestelike versterking ervaar en steeds vuriger in liefde tot My ontbrand, omdat julle al die Liefde in julle het, **omdat julle My andersins nie sou kon aanskou nie.**

En julle moet julleself verheug as julle so 'n belewenis het. Want dan weet julle dat die Vader Hom na Sy kinders oorbuig om Homself aan hulle te openbaar.

Maar dit sal altyd maar **steeds min wees** wat My en My sigbare aanwesigheid sal kan verdra, ofskoon Ek in 'n eenvoudige gewaad verskyn en alle volheid van lig agterlaat om julle, wat nog op die duistere aarde wandel, nie te verblind nie.

Maar waar 'n lig al aangesteek is, daar kan Ek sonder gevaar vir hulle siele sigbaar verskyn. En die nood sal so oor julle losbreek, dat julle 'n hemelse versterking nodig sal hê om te kan standhou. En dit wil Ek Self vir julle bring.

En julle sal nie daaraan moet twyfel nie, want Ek het julle die belofte gegee: "*Waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek in hul midde*". En wie sal My kan verhinder, wanneer Ek dit toelaat dat hierdie of daardie een in staat is om My te aanskou?

Dink daarom steeds in innige liefde aan My en wag op My koms, wat heel eenvoudig **al voor die tyd moontlik is.**

Want wat daar ookal gebeur, dit vind sy grondslag in My Liefde en Wysheid en moet steeds tot rypwording van julle siel dien, wie Ek tot My wil trek in vurige Liefde en wat dikwels so swak is, dat sy buitengewoon versterk moet word, wat My verskyning ook teweeg sal bring.

Hou julle dus steeds aan My belofte vas en **leef in die bewussyn van My aanwesigheid wanneer julle saamkom om gedagtes te wissel**.

En Ek sal by julle wees, omdat die Vader vurig na Sy kinders verlang en Hy julle ook met Sy aanwesigheid gelukkig wil maak. Amein.